INTERHUIS ATLETIEK
22 JANUARIE 2010

Die byeenkoms vind plaas op Vrydag, 22 Januarie, op 'n heerlike sonskyndag. Daar was maar groot benoudheid dat die reën ons sou belemmer, maar nadat Mnr Grobler mooi gevra het dat ons hierdie keer nie moet bid vir reën nie, kon ons die dag en al die goeie prestasies van die atlete geniet.

Baie dank is verskuldig aan Vodacom wat die pryse geborg het en ekstra sambrele verskaf het, asook Harry Engelbrecht en Louis Olivier fisioterapeute vir hulle dienste. Aangesien dit hierdie jaar AHS en AHMP se 90e verjaardagvieringe is, is daar ook pragtige feesmedaljes wat toegeken is vir eerste, tweede en derde plekke. Die program bevat ook 'n opsomming van die atletiekgeskiedenis van AHS vanaf 1920 - 2009. Na die dag se uitslae, kan ons ook die hoop uitspreek dat die Affie-atlete hierdie jaar weereens geskiedenis gaan maak.

UITSLAE

Die Koshuis buit weereens al die pryse: hulle wen die byeenkoms met 769 punte, het die beste gees, het die beste dirigentegroep asook die beste dirigent van die dag - André de Kock.

Die Hartbeeste is hierdie jaar tweede met 591,5 punte en die Koedoes is behaal die derde plek met 525,5 punte. Die Hartbeeste behaal ook die tweede plek met die gees en die Koedoes is derde.

Individuele uitslae

Beste spronge:	Tristan Nel (14jr)	Hoogspring	1,73m	990
		Verspring	5,71m	1003
Beste worpe:	Jandre Slabbert (15jr)	Diskus	53,23m	1100
		Gewigstoot	15,12m	893
Beste naellope:	Constant Pretorius (16jr)	200m	22,92s	917
		400m	52,65s	799
Beste hekkies:	Frederich Pretorius (15jr)	100mH	14,10s	835
		300mH	42,28s	739
Beste middel-afstande:	Fourie Wiid (19jr)	800m	1:59,04	819
		1500m	4:13,90	737

Tristan Nel (14 jr) word ook aangewys as die **beste veldatleet** vir sy prestasies in die hoogspring en verspring. Andries van der Merwe (16 jr) is die **beste baanatleet** op grond van sy prestasies in die 110m hekkies (14,61s - 919 punte) en 100m (11,40s - 819 punte).

Die **beste enkele prestasie** word behaal deur Jandre Slabbert (15jr) vir sy prestasie in diskusgooi: 53,23m (1100 punte op die ABSA tabel).

Die **Junior Victor Ludorum** trofee word deur Tristan Nel (14jr) verwerf vir sy prestasies in die hoogspring (1,73m - 990 punte), verspring (5,71m - 1003 punte) en 200m (25,80s - 755 punte).

Constant Pretorius (16jr) word aangewys as die **Senior Victor Ludorum** op grond van sy prestasies in die 200m (22,92s - 917 punte), 400m (52,65s - 799 punte) en verspring (6,76m - 954 punte).

*Absa-tabel punte:

2 prestasies bo 1000 punte; 4 prestasies bo 900 punte en 37 + 3 aflosspanne was bo 800 punte.

TOP TIEN ATLETE NA INTERHUIS 2010:

Slabbert, Jandre
Nel, Tristan
Pretorius, Constant
Bam, Armand
van der Merwe, Andries
Uys, David
van der Merwe, Jan
Barnard, Wihan
Linde, Jurie
de Beer, Gerhard